MURRAYSBURGER

The Beautiful Secret is out!

Junie 2011
Prys R1.00
Uitgawe 3

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Hallo weer

En welkom by die 3de ***Murraysburger***! Met die samestelling van hierdie uitgawe is die winterkoue besig om stadig maar seker orals in te kruip. Oor sowat 2 weke is dit net mooi 'n jaar gelede dat die dorp onder 'n sneeukombers in 'n sprokieswêreld verander het. Wie weet wat wag hierdie winter vir ons!

In hierdie uitgawe wil ons hulde bring aan een van ons gereelde bydraers, **Mette Kromhout**. En dankie sê – as dit nie vir haar en **Siphelo Tshikolo** was nie, het ons nie 'n nuusblad gehad nie. Volgende keer meer oor Siphelo.

Noudat die verkiesing agter die rug is, wil ons net sê welgedaan aan almal wat die lang toue en koue trotseer het om te stem. Dit is ons konstitusionele reg om te stem en 'n goeie manier om aan te dui oor hoe ons voel ons dorp word bestuur.

Ons sal binnekort 'n besoek bring aan alle besigheidseienaars in die dorp om die moontlikhede te bespreek wat ons u besigheid kan aanbied ten opsigte van advertering en/of ondersteuning. Dink gerus 'n bietjie daaroor na want ons voel dit sal almal bevoordeel – die besigheid, die gemeenskap en ons nuusbrief (én op die webwerf bereik Murraysburg die hele wêreld daarbuite!).

Laastens, my vriendin, Dawn, het uit Vishoek laat weet, BAIE GELUK MET DIE NUWE BABA. Daar sal winde en tandpyn wees maar dit sal regkom!

Lekker lees en warm groete
Marietta

DIE NUWE WEBWERF EN PLAASLIKE NUUSBLAD WORD GEVIER

Na verskeie onbevredigende pogings in die afgelope paar jaar om 'n gebruikersvriendelike webwerf vir Murraysburg te ontwerp het 'n onlangse "inkommer", Adri Smit, daarin geslaag en kan die voornemende besoeker aan Murraysburg nou velerlei toepaslike inligting by www.murraysburg.co.za vind.

Alhoewel Smit nog heelwat wil verfyn en byvoeg, is alle betrokkenes baie in hulle skik. Die doel van die webwerf is natuurlik om die dorp te bemark en toerisme te bevorder en sodoende die plaaslike gemeenskap deur beter en meer werksgeleenthede te laat baat vind. As einddoel word nie net gunstiger ekonomiese omstandighede gesien nie, maar gehoop dat verskeie maatskaplike probleme aangespreek sal kan word.

Twee "inkommers" van Kaapstad, Marietta Theron en Jenny Ballantyne, is só gelukkig met die lewenskwaliteit wat hulle in hulle nuwe tuiste ervaar dat hulle graag wil bydra tot die vooruitgang van die dorp. Omdat onbekend onbemind maak, het hulle die behoefte aan 'n bladjie, wat van almal se wel en wee vertel, raakgesien en hoop hulle dat die "Murraysburger", wat hulle sonder winsbejag die lig laat sien het, die verskillende gemeenskappe sal saamsnoer. Die eerste twee uitgawes het baie goeie kommentaar ontlok en daar word vertrou dat jonk en oud binnekort van hierdie spreekbuis gebruik sal maak.

Tereg het 'n vierde "inkommer", ds. André Louwrens, besef dat hierdie twee treetjies op pad na nuwe trots en selfrespek van die Murraysburggemeenskap gevier moet word en is dit dan ook tydens 'n gesellige kaas-en-wyn aan huis van die immer gasvrye Elsie en Oscar Smuts gedoen. Tydens hierdie geleentheid het die "ou" Murraysburgers en die "inkommers" besluit om voortaan alle positiewe ontwikkeling in die dorp nog sterker te ondersteun en te poog om die dorp tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel omdat hulle glo dat agteruitgang omgekeer kan word as almal saamwerk.

VOORUITGANG IS MOONTLIK!

Wie se werk is dit?

Dit is die storie van 4 mense – **Almal, Iemand, Enigiemand** en **Niemand**. Daar was 'n belangrike werk wat gedoen moes word en **Almal** was seker dat **Iemand** dit sou doen. **Enigiemand** kon dit gedoen het, maar **Niemand** het dit gedoen nie. **Iemand** het kwaad geword daaroor, want dit was **Almal** se werk. **Almal** het gedink **Enigiemand** kon dit gedoen het, maar **Niemand** het besef dat **Almal** dit nie wou doen nie. Op die ou end het **Almal Iemand** geblameer toe **Niemand** gedoen het wat **Enigiemand** kon gedoen het.

Uit die VLV 2011 Onderonsie

KAN DIT WERK IN MURRAYSBURG?

'Praat van saambou aan ons land. Op Piketberg het 80 voorheen agtergeblewe vroue, **Vroue van môre**, die Green Beat-projek begin en die dorp in 20 blokke verdeel wat elk help met herwinning, strate skoonhou, groentetuine aanlê en misdaad aanmeld'.

Uit Sarie Junie 2011

Please contact us (details on page 2) if you would like to contribute on a regular monthly basis

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za/jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening. Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address. The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

Tong in die kies – oor streekstaal en nog wat …

■*Juf Klokkies, Murraysburg:* Ek sit en lees Doring van die Karoo se 'Nog streekstaal' met 'n lied in die hart. Dit laat my toe onwillekeurig dink aan die destydse Sub A en B'tjies wat so pragtig foneties kon skryf. Dis selfoontaal vér vooruit!!!

Hiesies het byvoorbeeld twee engelse op die hek gesit om vir Adam en Euva uit die paraduis te hou. Volgens Willem Schalk het meneer Mandella in sy n8kleeri geslaap en Bennie Conradie skryf: Ek eet 'n pierre. Hy't natuurlik langs Pierre gesit.

Was iemand dalk al op Witoorjawes? Ons kinders het destyds teen hulle rugby gespeel. Ja, die einste symste Victoria Wes. (Wi-toor-ja-wes)

O ja, en moet tog nie vergeert die honkies en kakies moet elke dag watr krui nie, anders moet hulle straks dogter toe gaan.

Hou ook altyd jou dentie byderhand as jy dymdrikke lat maak.

Groetnis tot neks taaim.

SAFETY AT OUR TAVERNS & CLUB

■*Concerned Resident, Murraysburg*

The Taverns

We, as the residents of Murraysburg are the key behind these businessmen's success, but are they the key behind our safety on their premises? Take the two taverns for instance and look at the dangers they pose to our women. At both the taverns the ladies' toilets are in a state where there is no privacy. Cool Spot's doors are not properly closing and at Thandabantu the toilets don't have doors at all. Why do our people keep on supporting these businesses when their owners can't even put on proper doors at their toilets? Another safety aspect that worries me is the fact that both these taverns have no exit points. When there is a disaster like a power failure or a fire, there's only one entrance and exit door which are single doors and only one person at a time can pass through. People will trample over each other in case of an emergency.

The Club

The club is not a place for entertainment or a recreational place anymore, it's more of a jail with all those barbed wires and bars which are used to fence in the club. How can a club owner put barbed wire in a place where alcohol is being sold? That shows the owner thinks nothing about the people. The other thing is also the fact that there are no exit points. The only exit door has been closed by the owner which only leaves one door. What if a disaster occurs? We are going to kill one another.

So people let's wake up and speak out!

ONTMOET VIR METTE

Mette Kromhout is van Duitse afkoms en in Namibië gebore. Sy matrikuleer aan die Hoër Meisieskool Bloemhof, Stellenbosch en studeer tale en 'n onderwysdiploma aan die U.S.

Sy het haar man Chris, 'n bosbouwetenskaplike, op Stellenbosch ontmoet en hulle is in 1964 in die Moederkerk op Stellenbosch getroud.

Sy was bevoorreg om die beste van twee wêrelde te kon hê deur weer haar beroep te kon beoefen nadat sy 19 jaar aan hulle vier kinders en haar man gewy het. Sy onderrig Engels, Duits en Afrikaans in Louis Trichardt en Sabie. Later spesialiseer sy in Afrikaans aan die Hoërskool Menlopark in Pretoria en kry as senior adjunk-hoof wonderlike geleenthede tot selfontwikkeling. Oor 'n tydperk van 12 jaar is sy eksaminator by die ou Nasionale - en die destydse Transvaalse (later Gautengse) onderwysdepartemente vir die Afrikaans Hoër Graad taalkunde - en letterkundevraestelle.

In 2000 verhuis sy saam met haar man na Murraysburg, waar hulle hartlik deur die gemeenskap ontvang word. Sedertdien poog sy om 'n bydrae te maak ten einde Murraysburg se agteruitgang om te keer.

Sy geniet dit om met woorde te speel en het uit haar eie artikels vir die Advertiser begin stuur na die dood van die vorige verslaggewer, Johan du Plessis, om blootstelling vir Murraysburg te soek.

Haar stokperdjies is lees, na klassieke musiek te luister en om buite te wees. Sy hou ook daarvan om na sport te kyk, veral tennis, krieket en rugby en is 'n stoere WP- en Stormer-ondersteuner.

Karooruimte Junie 2011

Daar is vandag nog mense wat vas glo dat die aarde plat is en die son draai om die aarde. Sulke kinderlike naïwiteit is seker benydenswaardig en kan selfs tot jou voordeel wees as mens dink wat het met die arme Galileo, die vader van die moderne fisika, gebeur toe hy dit in 1610 gewaag het om te postuleer dat dit eintlik die aarde is wat om die son draai. Die Rooms Katolieke Kerk was woedend en die arme man moes bieg hy's verkeerd en was so half-en-half vergewe maar in 1615 het die wreedaardige Roomse Inkwisisie hom weer bygekom en gewaarsku om sy nonsens te laat staan, wat hy dan ook gedoen het. In 1632 kon hy dit nie langer uithou nie en publiseer sy "*Dialogue concerning the two Chief World Systems*" en toe was die kerk eers kwaad. Galileo het glo net-net die brandstapel vrygespring oor sy kettery maar moes nog steeds die res van sy lewe onder huisarres deurbring selfs nadat hy in die openbaar oor sy dwaalleer gebieg het. Dit was maar eers 10 jaar gelede, in1992 dat Pous Johannes Paulus II uiteindelik erken het dat die Kerk die Galileo-saak verkeerd hanteer het.

Hierdie stukkie geskiedenis van Galileo is miskien redelik bekend, maar wat minder bekend is, is dat die Griekse wiskundige en astronoom by name Aristarchus van Samos, meer as **16 eeue** voor Galileo alreeds uitgewerk het dat die son die middelpunt is waarom die aarde wentel. Gelukkig vir hom het die Roomse Kerk toe nog nie bestaan nie anders het hy sekerlik ook groot moeilikheid opgetel. Hierdie man moes geniaal gewees het. In daardie tyd, 300vc, was daar nog nie eens teleskope nie, laat staan nog satelliete en ruimtesendings. Hy het bloot deur waarneming van die beweging van die son en maan deur die seisoene en die verskynsels van son- en maanverduisterings die intelligente afleiding gemaak dat die son die middelpunt van die destydse bekende universum was. Die teen-argument van Aristarchus se teorie was dat die sterre dan ook van posisie moet verander maar hy het dit verklaar deur te verduidelik dit so is omdat die sterre so geweldig ver is en nie teen 'n ruimtelike koepel vasgeplak is soos destyds geglo was nie.

BEGELEIDE TOER VAN DIE JUNIE-HEMEL (ongeveer 6 - 7 vm)

Eenvoudige toer hierdie maand. Jupiter is nou pragtig sigbaar in die vroeë oggend en, selfs vir die laatslapers, kan teen 7 uur nog duidelik gesien word in die ooste, net bokant Venus, die oggendster. Dié reusagtige planeet is onmisbaar met die blote oog, maar met 'n gewone verkyker sien mens nog iets wat min mense ooit sien, nl die vier groot mane van Jupiter by name Europa, Callisto, Ganymede en Io. Hulle sit altyd in 'n reguit lyn om Jupiter – dit is omdat hulle in bykans dieselfde vlak rondom die planeet beweeg. Terug by Galileo. Hy was die eerste persoon om met sy primitiewe teleskoop die groot vier van Jupiter se 63 mane te ontdek en dit as satelliete van die planeet kon klassifiseer. Om daardie rede staan die vier nog steeds bekend as die Galileense mane ter nagedagtenis aan dié groot gees van die wetenskap. As mens 'n paar oggende na mekaar die mane waarneem, kom mens tot die besef teen watter geweldige spoed hulle om Jupiter beweeg. Elke oggend sien mens hulle in 'n ander posisie en soms is een of meer van hulle onsigbaar – dis wanneer hulle direk voor of agter die planeet beweeg.



En onthou om te kyk na die algehele maansverduistering op die aand van 15 Junie. Dit begin net na 8 uur en is 'n verskynsel wat jy nie moet misloop nie.

René Theron

MURRAYSBURG UNITED RFC HELD MISS DRAG QUEEN (04/05/2011)

MB United RFC held a model show where they paraded as women. The night was fun and would've been much more fun if all the players participated in this fundraising for the team. The players are aware of the economic situation of the town. If they are not serious about their team how do they expect their management to run the team alone? I think that their fans who were at the parading were very disappointed with the participation of only 11 players out of a possible 40 players, namely

1. Donkey (Theresa)
2. Emeal (Emeshia)
3. Gino (Eugenia)
4. Nailon (Nelly)
5. Wentzel (Wendolene)
6. Isak (Ismary)
7. Sean (Seanique)
8. Zano (Jacqueline)
9. Jacques (Jacklyn)
10. Charton (Charmain)
11. Billy Boy (Belinda)

With these 11 participants the judges still had a difficult decision to make but they could reach an agreement on who the final 3 are and they were:
2nd princess – Jacques aka Jacklyn
1st princess – Nailon aka Nelly
Drag Queen 2011 – Emeal aka Emeshia

Afterwards Mr Paint said that there's nothing they as a team can do to those players who didn't attend the function. All they can do is to fine each player who did not attend or participated in the parading a R100. Should the players not pay these fines, they cannot chase them away from the team.

Siphelo Tshikolo

ABSA BEDERF HUIS SPITSKOP

Murraysburg - Vrydag die 13de was vir Huis Spitskop 'n uiters gelukkige dag aangesien Suzette Celliers (Provinsiale Hoof van Bemarking en Kommunikasie van ABSA) en Johnny Alcock (Bestuurder van ABSA Besigheidsbankdienste) die inrigting nie net met 'n besoek vereer het nie, maar 'n hele bakkievrag geskenke saamgebring het. Chris Davadge van AV Design het hulle vergesel om foto's van die oorhandiging te neem.

Tydens 'n vinnige besoek twee jaar gelede het die inrigting se mense en hulle nood vir Celliers so aan die hart gegryp dat sy haar sedertdien onvermoeid beywer om soveel behoeftes as moontlik van die inrigting aan te spreek. Van die inwoners, veral diegene in die verswakte afdeling wat nooit 'n geskenkie ontvang nie, was oorstelp toe elkeen 'n warm rooi serp aan die begin van die verrigtinge ontvang.

Na ‘n kort verwelkoming en bekendstelling van die gaste deur Maretta Theron, ondervoorsitter van die beheerraad en organiseerder van die jagkompetisie, wat ook deur ABSA geborg word, het Suzette Celliers tot die oorhandiging van die geskenke oorgegaan. Nie net was daar vir elke inwoner 'n mooi bord, kleinbordjie, sopbakkie en beker nie, maar ook 12 stoele met vrolike rooi kussings sodat van die inwoners die goeie weer buite onder die rooi ABSA-sambrele kan geniet. Die moderne rolstoel wat deur Absa Sesego bekom is, vertoon soos 'n Mercedes teen die inrigting se afgeleefde skedonkie-rolstoele en daar was groot opgewondenheid toe Celliers genoem het dat daar gedurende die week nog vyf kommodes afgelewer sou word wat geskenk is deur die Apteek groep Klinimed in Port Elizabeth. Celliers het belowe om na ontvangs van spesifieke spesifikasies met die hulp van Absa Sesego nog verdere rolstoele vir die inrigting te organiseer.

In sy bedanking het Ettienne Terblanche, die inrigtingshoof, genoem dat dié items wat deur ABSA geskenk is, broodnodig is, maar dat die tehuis so moet spook om kos en die nodige aan die inwoners te voorsien, dat daar net nie geld vir die ekstras, wat die lewe van die inwoners soveel aangenamer sal maak, is nie. Dit is wonderlik dat ABSA die nood van die inrigting raaksien en aanspreek terwyl die staat nie sy verantwoordelikhede ten opsigte van die uitbetaal van goedgekeurde subsidies nakom nie.

Voordat die vrygewige skenkers vertrek het, is daar gesellig saam tee gedrink. Vrydag die dertiende sal vir elke inwoner van Huis Spitskop nou 'n positiewe betekenis hê en klop hulle harte warm van dank onder die rooi ABSA-serpe.

DAMMETJIE ROSSOUW 80

Murraysburg – Op 2 Mei het een van Murraysburg se kleurrykste en geliefde inwoners die voorreg gehad om saam met sy vrou, drie dogters en hulle gesinne sy 80ste verjaarsdag te vier. Daniël Johannes Rossouw, of Dammetjie soos hy algemeen bekend is, is op 2 Mei 1931 te Murraysburg gebore, waar hy dan ook in 1948 gematrikuleer het.

Hy het saam met sy ouers op Kapoksplaas geboer en is in 1956 met Magdalena Victor in die eg verbind. Toe hy in 1965 op Murraysburg ‘n slaghuis begin het, het die jong gesin dorp toe getrek en baie hard gewerk aangesien hulle twee jaar later ook nog die Saamwerkwinkel op die dorp geopen het. Intussen het Rossouw ook nog deurgaans sy ouers met die boerdery gehelp.

In 1971 verkoop hy die slaghuis en in 1983 die winkel. Aangesien hy nou meer op die boerdery kon fokus, begin hy met intensiewe groenteboerdery naas die skape en geniet menige buurman en vriend steeds sy vrygewige groentegeskenke.

As kranige fietsryer is hy vir die jonger fietsryers in die gemeenskap ‘n inspirasie omdat niks hom verhinder om te oefen en fiks te bly nie. Enkele jare gelede het hy ten bate van Bybelverspreiding oor vyf dae 620 km vanaf Nieu Bethesda na Klipplaat gery en van die jonger manne was jaloers op sy stamina en uithouvermoë.

Hy neem steeds gereeld deel aan verskeie fietsrykompetisies te Richmond, Graaff-Reinet, Aberdeen, Phillipolis, Bruintjieshoogte en natuurlik Murraysburg se Sneeuberg Crawl. Rossouw is ook vasberade om volgende jaar sy tiende Argustoer te voltooi nadat hy vanjaar agste in sy ouderdomsgroep geëindig het. Hy het reeds ingeskryf!

Oom Dammetjie is geliefd weens sy spontane vriendelikheid en goedhartigheid. Gevolglik weet die plaaslike bedelaars waar ‘n sagte hart te vinde is! By die eensames in Huis Spitskop is hy ‘n gereelde en baie welkome besoeker en help hy waar hy kan.

Alle Murraysburgers wens hierdie nederige man nog baie mooi en gesonde jare saam met sy vrou, Lena, toe.

Gatiep en Gammat sit innie bus in Cape Town toe die lady opklim with a face made up to kill. Ek sê: bloed roei lips, seven layers of base en silke massive eyelashes dat sy nie ees haa oe kan oep maakie. Daasie oep seats, so sy sceme sy hang maar aan die leather strap. "Hei Gammat," sê Gatiep, "kom offer djy nie die lady 'n seat?" "Nei," sceme Gammat, **"a painting moet mos hang."**

MURRAYSBURGERS VERKEN BOTSWANA

Murraysburg – 'n Groep van nege getroude pare het onder leiding van André en Elsabé Louwrens vanaf 9-21 April Botswana beleef.

Hulle het onafhanklik van mekaar van Murraysburg vertrek en mekaar op 9 April by *Weesgerus,* Modimolle ontmoet. Sommiges het kamp opgeslaan terwyl ander na 'n heerlike saamkuier om die braaivleisvuur in chalets oornag het.

Vroegoggend van Saterdag 10 April vertrek die groep in konvooi na die *Khama Rhino Sanctuary* nie ver van Nata nie. Lt. Genl. Ian Khama probeer renosterstropery teë te werk deur renosters in dié veilige gebied te vestig. Afgesien van die interessantheid van die bewaringsinisiatief was hierdie besoek vir die nie-kampeerders 'n uitsonderlike ervaring daar die hele groep daar gekampeer het!

Die besoek aan die *Kubu*-eiland in die Sowa Panne was onvergeetlik, veral die sonsondergang. Die eilandjie is 'n koppie bestaande uit granietrots met 'n konsentrasie kremetartbome in die middel van letterlik nêrens nie. Sover die oog kan kyk, is slegs droë, wit soutpanne en is daar afgesien van 'n eensame "longdrop" per kampplek geen geriewe of water beskikbaar nie, maar wie soek geriewe in so 'n idilliese omgewing!

By die volgende oornagpunt, *Elephant Sands,* geniet van die groep 'n wildbesigtigings-toer en word die kampvuurkos vir 'n heerlike restaurantete verruil. Die watergat is laataand en vroegoggend besoek en die kampplek met nagtelike olifantbesoekers gedeel. Wat 'n belewenis om hulle spore in die oggend in die wit sand om jou tent te sien!

Van daar is die lang pad na die *Chobe* wildreservaat aangedurf. By *Pandamatenga* is landerye met sonneblomme, sorghum en mielies deur Suid-Afrikaanse boere verbou en van die min tekens van gestruktureerde boerdery. Aangesien die wild voorrang geniet, is daar nêrens heinings nie en kan die wild rondloop soos hulle wil, wat boerdery natuurlik aansienlik bemoeilik. Daar is 'n wonderlike wedersydse respek tussen mens en dier en aggressie ongekend.

Die groep vertoef ses nagte in *Chobe* en 'n bootvaart met 'n ervare gids op die magtige Choberivier was 'n belewenis aangesien 'n mens tot naby aan olifante, krokodille, seekoeie, waterlikkewane, phuku (skaars boksoort), impala en baie voëlsoorte kan kom.

Die rit na *Katima Mulilo* in Namibië, wat omring is deur hoë heinings en deur baie waghonde bewaak word, het die manne, wat grensdiens gedoen het, jare in die verlede teruggeneem, terwyl die besoek aan die Victoria Waterval elkeen sy nietigheid laat besef het. Die krag, energie en spoed van die water gaan 'n mens se verstand te bowe en word nêrens ter wêreld geëwenaar nie.

Van die baie hoogtepunte was die pont-oorgang oor die magtige Zambezi na Zambië baie spesiaal weens die besondere wisselwerking tussen mens en dier, die Weste en Afrika.

Die geestelike oopsluit van elke dag het baie daartoe bygedra dat elkeen met sensitiewe oë na alles kon kyk en die wonderlike samesyn en empatie tussen die reigenote was verrykend. Daar was geen keer aan Elsie en Oscar Smuts, die groep se 'bejaarde" paartjie nie, en hulle onuitputbare energie en intense belangstelling was vir elke groeplid 'n voorbeeld en inspirasie.

Kampering in die mooi omgewing en goeie weer is goedkoop, in teenstelling met die duur chalets. Kos en brandstof is vrylik beskikbaar (meestal by 'n Spar) en kos maar min of meer, wat dit in S.A. kos en dis 'n voorreg om die Tswana's as goedopgevoede, vriendelike en hulpvaardige mense, wat goed Engels praat, te beleef.

Danksy André Louwrens se leierskap en kennis het die groep Botswana op sy mooiste en beste beleef en kan hulle nie genoeg dank en waardering aan hom en Elsabé betuig nie!

MURRAYSBURG VIER DANKFEES

Murraysburg – Die plaaslike N.G.-gemeente het op 7 Mei by die skousaal byeengekom om saam hulle dankbaarheid vir 'n goeie boerderyjaar en soveel ander seëninge te betuig.

Soos gebruiklik was daar 'n vetveeveiling, waar goeie markverwante pryse behaal is en was dit verstommend hoeveel gebak, lekkers, nagereg, sop, pannekoeke ensomeer die dames te koop aangebied het. Ten spyte van wonderlike reën was letterlik alle gemeentelede, wat enigsins kon, teenwoordig en is daar lustig gekoop. Natuurlik word die ondersteuning van verskeie nie-gemeentelede besonder hoog op prys gestel.

Baie verblydend is die betrokkenheid van menige van die jong ouerpare, wat ten spyte van die weer en klein babas, nie net die geleentheid ondersteun het nie, maar ook saamgewerk het. Al is die opbrengs vir die klein gemeente van groot belang het ds. André Louwrens tereg tydens die opening gesê dat die saamwerk en saam dank betuig tot groter eensgesindheid en eenheid lei en dat dit uiteindelik die grootste wins is.

Al kon daar nie soos gebruiklik in die namiddag tennis en rolbal gespeel word nie, het Danie Olivier daarvoor gesorg dat daar saam rugby op 'n groot skerm in die rolbalklubhuis gekyk kon word. Natuurlik was verversings ook daar te koop!

As die dag se sukses gemeet moet word aan heerlik saamkuier, was dit afgesien van die inkomste, 'n reuse sukses en elkeen terdeë bewus van baie redes tot groot dankbaarheid teenoor die Skepper.

Karoo Park wen Johannes Slabbert skild

Murraysburg - Op Saterdag 21 Mei het die Sport- en ontspanningsklub van Murraysburg onder die bekwame leiding van die president, Peetsie du Toit en sy vrou, Uyselena, 'n geslaagde rolbaldag vir Murraysburg en sy buurdorpe aangebied.

Die weer het saamgespeel en in matige, byna windstil omstandighede kon drie spanne van Graaff-Reinet en 'n span elk van Aberdeen, Karoo Park Beaufort-Wes, Victoria-Wes, Richmond en Nieu Bethesda saam met die twee plaaslike spanne die Murraysburgers se gasvryheid geniet. Met hulle aankoms was daar tee, koffie en toebroodjies en nadat Sarie Reynolds gepas geopen het, is 'n spinnekop, gewen deur Rufus van der Berg, gespeel om die litte los te maak.

Die vyftien koppe, wat voor middagete gespeel is, is met tee en verversings onderbreek en na 'n heerlike boere-ete met skenkelpastei is daar in die namiddag nog twee rondtes van vyftien koppe elk gespeel. Die wenners was dan uiteindelik die Karoo Park-span van Beaufort-Wes bestaande uit Ted Koen, Helen Basson, Thys Willemse en prof. Stadler en kon Alet en Chris Slabbert die Johannes Slabbert wisseltrofee aan hulle oorhandig.

Tydens die dag se speel, maar ook gedurende die saamkuier voor en na die prysuitdeling is die vriendskapsbande tussen die deelnemende dorpe beslis verstewig. Almal was dit eens dat die borge van die dag, wat hierdie aangename dag moontlik gemaak het, goed ondersteun behoort te word. Hulle is Johan Slabbert (PSG), KVB–Murraysburg, Van Wyk Theron, Toyotta Garage, Delta Motors, Merino Apteek, Spar Tops en Prestons (almal van Graaff-Reinet).

'***n Huwelik is 'n verhouding waarin een mens altyd reg is, en die ander een is die man.***

Hulle sê ons moet ons belasting met 'n glimlag betaal. Ek het probeer, maar hulle wou geld hê.

Een kind maak jou 'n ouer – twee maak jou 'n skeidsregter.

JAGKOMPETISIE REUSE SUKSES

Murraysburg – Op Vrydag die dertiende het die jagters weer van heinde en verre op Murraysburg toegesak. Die jaarlikse jagkompetisie vir spanne neem so in gewildheid toe dat baie spanne reeds vir 2012 ingeskryf het. Dit is een van die Murraysburg Landbougenootskap se jaarlikse projekte, wat uiters suksesvol deur Jacques en Maretta Theron gedryf word.

Vanjaar het die weer pragtig saamgespeel en was die wêreld nie wit van die ryp nie, soos gewoonlik, toe die spanne vroegoggend in die skousaal byeengekom het. Daar was koffie en toebroodjies vir diegene wie se senuwees 'n bietjie geknaag het voordat Antonie Troskie die reëls van die kompetisie verduidelik het en die loting gedoen is. 'n Span bestaan uit vier lede en hulle het vier ure tyd van die oomblik dat hulle hulle onderskeie plekke op die plaas, waar hulle moet jag, ingeneem het om elkeen twee bokke te skiet. Die skootplasing tel die meeste punte, maar die gewig van die bok en die lengte van sy horings dra ook by tot elke skut se punte. Die vier skuts se gesamentlike punt bepaal dan hulle plek in die spankompetisie.

Alhoewel verskeie spanne al vir baie jare aan hierdie kompetisie deelneem, het hulle die veld om Murraysburg seker nog nooit so mooi gesien soos vanjaar nie danksy die goeie reëns deur die somer. Die lang gras en wind het egter besondere uitdagings aan die jagters gestel en dit was opvallend dat min gepoog het om die volmaakte 60 punt-skoot agter die blad te skiet. Die meeste goeie skote was kopskote, wat egter net 45 punte tel!

Alhoewel die kameraadskap van vier jagvriende en die saamwees in die veld hierdie jagkompetisie uniek maak, dra die groot pryse, wat danksy baie vrygewige borge moontlik is, beslis by tot die gesogtheid van die kompetisie. ABSA, die hoofborg, het vanjaar nog meer moeite as vantevore gedoen om ook vir Huis Spitskop groot geskenke te bring. ABSA, Concor, Karoo Animal Art Studio, Louis Lategan van die Breërivier, Marius van Huyssteen, Percy Reynolds, Rudolph Optics, Safari Outdoor, die Sitskootspan, John Swanepoel en Terason se borgskappe het dit moontlik gemaak dat baie groot pryse oorhandig kon word en menige jagter met waardevolle en nuttige geskenke beloon is. Hierdie borge verdien almal se dank en ondersteuning.

Teen sewe-uur was alle bokke geweeg en gemeet en het die spanning en afwagting onder die jagters hooggeloop. Tereg het Antonie Troskie ten aanvang van die prysuitdeling genoem dat dit wil voorkom asof die skietvernuf van die jagters elke jaar verbeter en dat daar vanjaar besonder baie kopskote was. Estelle Swiegers, 'n oud-Murraysburger, maar nou van ABSA Graaff-Reinet, het die pryse oorhandig. Natuurlik is die aankondiging van die wenners met gepaste kommentaar van hul jaggenote begroet. Die indiwiduele wenner was vanjaar 'n jong man van Jeffreysbaai, Barend Lötter, terwyl die Toorfonteinspan (Alan Higgs, Malan Smith, Lucas Burger en Liaan Pienaar) met die gesogte eerste prys weggestap het.

Terwyl heerlike, sappige biefstuk vanuit die skoukombuis bedien is, het Wicus van der Merwe, seun van Tolla van der Merwe, die jagters vermaak en het die skape, deur Percy Reynolds geskenk asook geborgde wyn, tydens die veiling die wonderlike bedrag van amper R13 000 vir Huis Spitskop opgelewer.

Murraysburg en alle besoekende jagters wil ABSA, die hoofborg, en alle ander borge bedank vir nog 'n uitsonderlike jagbelewenis. Sonder die puik organiseerders, Jacques en Maretta Theron, sou hierdie dag egter nie moontlik gewees het nie en hulle verdien 'n besondere pluimpie vir hulle harde en uitstekende werk.

BELANGRIKSTE UITSLAE		**PRYS GEBORG**
Swaarste ram	Barry Theron	
Swaarste ooi	Charles Grevelink	
Ram met die langste horings	Barry Theron	
Ooi met die langste horings	Chris Kromhout	
Plaas met ram met langste horings	Brandkraal	
Plaas met ooi met langste horings	Grootdriefontein	
Beste skoot	Brian Kenmuir	Rudolph Optics
Plaas met swaarste bok	Brandkraal	ABSA
Skut met hoogste totale punt	Barend Lötter	Marius van Huysteen
Plaas met hoogste gemiddelde gewig	Brandkraal	Rudolph Optics
Plaas met tweede hoogste gewig	Brandkraal	ABSA
Plaas met derde hoogste gewig	Grootdriefontein	Concor
Plaas met vierde hoogste gewig	Rooipoort	ABSA
Span met 7de hoogste punte	Karoospan	ABSA
Span met 6de hoogste punte	Brothers in Arms	Safari and Outdoor
Span met 5de hoogste punte	Safari and Outdoor	Sitskootspan
Span met 4de hoogste punte	Terason A	ABSA
Span met 3de hoogste punte	Sitskootspan	Safari and Outdoor
Span met 2de hoogste punte	Colesberg	Safari and Outdoor
Wenspan	Toorfontein	Rudolph Optics

TE KOOP

Sonpanele vir waterverwarming teen R500.00 stuk by Huis Spitskop te koop. Skakel 049 844 0023.

TE HUUR

Enkelwoonstel te huur by Huis Spitskop. Skakel 049 844 0023.

BENODIG

'n Rekenaar in goeie werkende toestand vir ons verslaggewer, Siphelo Tshikolo. Kontak Marietta of Jenny.

ADVERTISEMENTS

Half page – R50.00
Quarter page – R25.00

Small Ads/Notices
R20.00 up to 50 words
thereafter R1.00 per additional word

Small photo (+- 30cm x 30cm) – R10.00

Please note: Funds will be used to cover printing and copying costs. This paper is a non-profit community project.

WENKE

Maak dit meer

- Om geklopte room te rek, voeg 1 eierwit by voordat jy klits

In die kol

- As jy eiers kook vir southappies, roer die water terwyl die eiers kook. Dit verseker dat die gele mooi in die middel bly

Merinque

- Merinque raak vinniger styf as jy een teelepel bakpoeier vir drie eierwitte vooraf byvoeg

ALLES EN NOG WAT OOR GESONDHEID

Murraysburg - Tydens die Mei-vergadering, gereël deur die gesondheidsameroeper, Liezl Conradie, was Melanie Stannard, apteker van Graaff-Reinet, die spreker.

Sy het verduidelik dat die immuniseringsprogram vir babas en peuters baie verander het en 'n duidelik uiteengesitte, gedrukte program aan elkeen uitgedeel. Ten einde die baba so goed moontlik te beskerm, is dit belangrik om die basiese skedule nougeset te volg. 'n Bewys hiervan word by skooltoelating vereis.

Dit is baie belangrik dat ouers en selfs grootouers volledig ingelig is omtrent die tendens dat kinders so jonk as tien jaar deesdae seksueel aktief is en moet dogters bo tien jaar met drie vaksienes teen die Papilomavirus beskerm word.

Middelafhanklikheid is 'n groot probleem by tieners, ongeag hulle sosio-ekonomiese agtergrond en moet ouers baie goeie kommunikasie met hulle tieners handhaaf om so 'n afhanklikheid te probeer voorkom en/of raak te sien. Veral kompeterende, sportgedrewe kinders verval maklik in die gebruik van steroïde. Omdat tieners daarna smag om deur hulle portuurgroep aanvaar te word, gebruik hulle alkohol en selfs dwelms en verval in verslawing sonder dat hulle daarvan bewus is. Dwelms is deesdae baie maklik bekombaar en word tik bv. in strooitjies verkoop. Dit lyk op die oog af heel onskuldig soos ook die snuif van gom. Die tieners besef nie dat die euforie na drank- of dwelmgebruik uiteindelik tot uiterste ellende lei nie. Dit is belangrik dat ouers baie betrokke by hulle kinders is en te let op veranderde gedrag soos skielike aggressie, haargroei in die gesig, wollerige baard, geïrriteerdheid en veranderde eetgewoontes - aanduidings dat hulp by kundige persone, soos 'n maatskaplike werker, gesoek moet word. Weet wat by partytjies gebeur en dat daar dikwels daggakoekies by 'n onskuldige tienerpartytjie aan die kinders uitgedeel word.

Ten opsigte van hierdie gesondheidsprobleme is realisme en kennis mag!

Murraysburg United RFC vs Colesberg (30/04/11)

It's Saturday afternoon and the supporters of Murraysburg are all coming down to the rugby field in their numbers to support their local heroes. The fans are waiting in excitement as the home team is warming up, they are cheering and motivating the players.

It's almost kick off time and the visitors have still not arrived. The fans are becoming more and more impatient as they were paying gate fees and the home team management trying their best to find out where the opposition is. They eventually arrived at about 16h10 only with their first team.

When interviewing their coach, he said that most of the guys were working and they had to wait till 13h00 to depart from Colesberg. He also said that their preparation for this game was not good due to the fact that most of the players were working late.

The game kicked off at 16h32 and the time had to be reduced to 30 min because the lights at the field are not working. The visitors also started the game with 2 men short who arrived 14 min into the 1st half.

20th min - sin binned (yellow card): Visitor's Zane Pienaar punching
21st min - penalty Home Team, converted Nico Plaatjies 3-0

2nd Half
10th min - try Visitor's Bruce Louw, not converted 3-5

Boring second half with players taking their frustration out on one another by fighting.

28th min - penalty Home Team, converted Nico Plaatjies 6-5

Final Score: Home Team 6 – 5 Visitors

Siphelo Tshikolo

Minnie Retief gegroet

Murraysburg – Op 17 Mei 2011 het haar familie en die Murraysburgers die laaste eer aan Wilhelmina Antoinetta Retief, of tannie Minnie, soos sy algemeen bekend was, bewys nadat sy op 13 Mei, kort voor haar 88ste verjaarsdag, van haar lyding verlos is.

Wilhelmina Retief is op 14 Julie 1923 op Murraysburg gebore en het aan die Murraysburg Hoërskool gematrikuleer, nadat sy tot gr. 6 op Kraaifontein skoolgegaan het. Haar vader, Christiaan Gabriël Theron het op Pypfontein geboer en was op 'n stadium burgemeester van Murraysburg, soos ook haar enigste broer, veertien jaar ouer as sy, Izak Petrus Theron, wat ook 'n Merino stoetboer op Pypfontein was. Haar moeder, Grada Antoinetta van der Ahee, het net hierdie twee kinders gehad.

Nadat sy 'n jaar lank huishoudkunde en naaldwerk aan Rosenhof, Stellenbosch, studeer het, het tannie Minnie in die biblioteek op Murraysburg gewerk voordat sy op 21-jarige ouderdom met Christiaan Gabriël Theron Retief getroud is en boervrou op Middelkraal geword het. Uit die huwelik is 'n seun, Francois, wat in 2000 tragies aan Kongokoors gesterf het, en twee dogters gebore. Hulle het later Strydfontein bygekoop en die grootte van hulle grond verdubbel voordat haar man haar in 1990 ontval het.

Tannie Minnie se groot belangstelling was haar huis en haar kinders. Sy was bekend vir die pragtige naaldwerk, breiwerk en kunsnaaldwerk wat sy gedoen het en haar twee dogters en kleinkinders kan nie genoeg van haar toewyding en liefde aan hulle almal praat nie. Sy kon nooit genoeg vir hulle gee of doen nie.

Haar ander groot liefdes was die veld en diere en dan was sy ook 'n kranige tennisspeler. In Huis Spitskop, waar sy vir baie jare 'n geliefde inwoner was, laat sy ook 'n groot leemte, al gun almal haar die rus na die baie pyn, wat sy die afgelope tyd moes verduur.

Haar dogters, Grada en Maria of Poppie, het haar die laaste twee weke met groot toewyding dag en nag versorg en kon Minnie Retief omgewe van liefde sag insluimer.

Alle Murraysburgers gun haar die ewige rus en het net mooi herinneringe aan haar.

TUINTAKE VIR MEI/JUNIE

- Plant bolplante met baie kompos, nie kraalmis en nie te veel water
- Moenie somer blomplante snoei totdat die ergste ryp oor is nie
- Beskerm jong plante en bome met deklaag
- Strooi insekdoder tussen vuurpyle en aga-panthus, dis nou slak tyd!
- Bessiebome kan gesnoei word
- Plant winter meerjariges uit of verdeel
- Maak roos gate vir die nuwe seisoen
- Gee plante soggens vroeg water sodat hule kan afdroog voor die aand om rypskade te verminder
- Groente:
    - Plant boerbone en ertjies
    - Plant vroeë uie

MATRIC FAREWELL 2011

Back, left to right: Anneke, Mariska, Jaye-Dee, Shannon, Florence, Monich, Michelle, Bianca, Heide, Kedibone
Front, left to right: Christolene, Anita, Leoné, Charné, Marlene

Back, left to right: Steven, Challon, Renaldo, Alfred
Front, left to right: Tiaan, Charlton

Back, left to right: Alfred, Tiaan, Steren, Wilmary, Ronel, Renaldo
Front, left to right: Anneline, Bianca, Annie, Anita, Ronel, Keddone, Elton, Christolene

Photos by Mr **X**

More colour photos available on the Website till end of June. Go to www.murraysburg.co.za/matrieks.html to view.